BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Geheime vir Gesonde Verhoudings

# Deel 2 – Vind jou Vreugde Vandag!

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

### Bybelse Algemene Kennis:

| Wat is die praktyke van die Sondige Natuur? | Wat is die Vrugte van die Gees? |
|---|---|
| • ______________________ | • ______________________ |
| • ______________________ | • ______________________ |
| • ______________________ | • ______________________ |
| • ______________________ | • ______________________ |
| • ______________________ | • ______________________ |
| • ______________________ | • ______________________ |
| • ______________________ | • ______________________ |
| • ______________________ | • ______________________ |
| • ______________________ | • ______________________ |
| • ______________________ | |
| • ______________________ | |
| • ______________________ | |
| • ______________________ | |

Paulus kom gee vir ons mooi praktiese riglyne vir hoe ons as Christene se lewens moet lyk. Wanneer ons na ons verhoudings kyk is dit belangrik dat ons konstant evalueer wat is die vrugte wat deel is van ons verhoudings. Is dit vrug van ons Sondige Natuur of Vrug van die Gees.

**As jy vandag jou verhoudings moet evalueer, wat is die natuur van jou verhoudings. Is dit gesond, lewend en bou dit op of is dit verhoudings wat af breek, dood veroorsaak en seer maak?**

______________________________________________

**<u>Vandag kyk ons na die Vrug van Vreugde</u>** - Hoe vind ek vreugde?

# Wat is Vreugde?

## 1. Die Resultaat van Gehoorsaamheid

Ons gedrag, gehoorsaamheid en/of ongehoorsaamheid, het ̓n invloed op die mense om my. Bestudeer hierdie gedeeltes: **Johannes 15:9-12 ; Openbaring 2: 1-5 ; Filippense 2:8 ; Hebreërs 12:2** en bespreek watter invloed gehoorsaamheid het op die Vreugde wat ons daagliks kan beleef?

________________________________________________________________________________________

Hoe kan jy vandag meer gehoorsaam wees aan God sodat jy in jou verhoudings meer Vreugde kan ervaar?

________________________________________________________________________________________

## 2. Dankbaarheid gegrond in God se Genade

Dit is om bewus te wees van die Genade van God in ons lewens. Bestudeer die volgende gedeeltes:
**Lukas 17:11-19 ; 1 Tessalonisense 5:16-18.** Wat is dit waaroor jy nog daagliks dankbaar is vir die Here? Hoekom is jy dankbaar oor dit?

________________________________________________________________________________________

Die vyand van dankbaarheid is vergelyking. Wanneer ons konstant in vergelyking leef met ander is dit baie moeilik om in dankbaarheid te leef. Bespreek gerus die volgende stelling en watter invloed dit al op die vreugde in jou eie lewe gehad het.

***<u>Comparison is the thief of Joy – Theodore Roosevelt</u>***

________________________________________________________________________________________

Wat is dit in jou verhoudings waarvoor jy nog vir die Here dankbaar is? In jou Huwelik, is jy nog dankbaar vir jou man of vrou as geskenk van God? In jou vriende kring, is jy nog dankbaar vir die liefde en ondersteuning van die mense om jou wat God vir jou so graag kom gee? Is jy nog dankbaar vir jou ouers of jou kinders?

________________________________________________________________________________________

## 3. Motivering om te gee – Vrygewig te wil wees.

Is jy ‘n Vrygewige persoon? Definieer.

________________________________________________________________________________________

Bestudeer die volgende gedeeltes: **Acts 20:35 ; 2 Korintiërs 9:6.** In jou verhoudings, hoe kan jy meer jou hand oop maak en vrygewig wees sodat jy die Vreugde van God weer kan ervaar. Hier is die beginsel van VRYGEWIGHEID:

**Vrygewigheid = Vrymoedigheid = Eenheid = Intimiteit**

Wat is dit wat jy kan doen sodat jy weer eenheid en intimiteit in jou verhoudings kan beleef?

________________________________________________________________________________________

## 4. Hoe kan ek meer Vreugde ervaar in my verhoudings?

Hoe kan ek meer gehoorsaam wees aan God binne my verhoudings?

______________________________________________________________________________

Hoe kan ek my fokus aanpas sodat ek meer bewus word en dankbaar wees vir dit wat God vir my kom gee?

______________________________________________________________________________

Waar kan ek meer vrygewig wees in my verhoudings?

______________________________________________________________________________

# Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------

# Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**